

Swaziland Shiselweni Reformed Church Home-Based Care

Arnau van Wyngaard is sendeling in Swaziland en Projekbestuurder van Shiselweni Reformed Church Home-Based Care - hulle gemeente se bediening onder diegene met MIV/VIGS. Hy het onlangs teruggekeer van 'n besoek na die VSA waarheen hy uitgenooi is om hulle werk in Swaziland bekend te stel. Die amptelike uitnodiging het gekom van 'n organisasie in Fresno, Kalifornië met die naam van Project Glory, maar hy het geleentheid gekry om daaglik verskeie groepe mense in Fresno, Clovis en omliggende gebiede toe te spreek asook in Monterey, 'n stad teen die weskus, wat hy beskryf as "Plettenbergbaai on steroids!"

Hy vertel dat hy oral hartlik ontvang is en dat mense met ontsteltenis kennis geneem het van die VIGS-pandemie in Suidelike Afrika en spesifiek in Swaziland. Die besoek was hoofsaaklik daarop gerig om ondersteuning te kry vir hulle "Adopt-A-Caregiver" program waardeur Christene wêreldwyd hulle daartoe verbind om maandeliks 'n bedrag beskikbaar te stel om die 770 vrywilligers wat tans betrokke is by Swaziland se VIGS-projek te help om medisyne en ander basiese benodigdhede te bekom om hulle kliënte mee te help.

Die groep vrywilligers groei maandeliks met tussen 30 en 40 nuwe mense wat opgelei word om oral in die klein gemeenskappe uit te reik na bure en vriende wat so siek is dat hulle nie meer vir hulleself kan sorg nie. Internasionaal is individue en gemeentes besig om kennis te neem van hierdie organisasie se werk en hulle ontvang gereeld besoekers van die buiteland wat na hulle werkswyse wil kom kyk.

'n Mediese antropoloog van 'n universiteit in New York is ook besig met navorsing oor die redes vir die organisasie se sukses. Meer inligting oor hulle werk kan verkry word by www.shbcare.org en inligting oor Project Glory kan gekry word by: www.project-glory.org/

Arnau besig om 'n groep besigheidsmanne en -vroue toe te spreek tydens 'n ontbyt in die Hyatt Hotel in Monterey, Kalifornië.

